**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 7 1 0 2 4 2 9 7 | 1 5 | 22819 |

DIE BURGER Jg. 83 Nr. ........ P. 9 Dat. 24 OCT 1997

# WVK vergoeding aan slagoffers sal SA R3 miljard kos

Christo van Staden

**KAAPSTAD. – Slagoffers en oorlewendes van growwe menseregteskendings moet elk 'n toekenning van tussen R17 000 en R23 000 per jaar oor die volgende ses jaar kry, wat die land sowat R3 miljard sal kos.**

Só lui die lank verwagte voorstelle vir herstel en rehabilitasie wat die Waarheids-en-versoeningskommissie aan die Regering gaan voorlê.

Die voorstelle, waarby 'n geraamde 22 000 slagoffers kan baat vind, sal deel vorm van die kommissie se finale verslag wat in Julie aanstaande jaar afgehandel moet word, het dr. Desmond Tutu, voorsitter, gesê.

Die WVK stel ook voor dat die implementering van hierdie hulpverlening die verantwoordelikheid word van die President se Kantoor.

Net mense wat formeel verklarings by die WVK afgelê het, die nodige vorms ingevul het en vir hulp kwalifiseer, sal hulp kan ontvang.

Die Presidentsfonds sal die toekenning van die toelaes administreer en finansier. Benewens internasionale en plaaslike bydraes sê die voorstelle die WVK het ook 'n verbintenis van die Regering nodig vir die verskaffing van die geld uit die nasionale begroting.

Gesprekke word egter ook gevoer oor 'n reeks "skeppende voorstelle" soos dié van die Afrikaanse Handelsinstituut dat geld uit die Sasria fonds van R9 miljard toegewys word. Sasria is 'n versekeringsfonds wat voorsiening maak vir eise wat spruit uit politieke oproer.

Die kommissie stel gemeenskapsgegronde programme voor vir die aanpak van mediese sorg, onderwys en behuisingsprobleme. Daarby word 'n nasionale dag van herinnering en versoening in die vooruitsig gestel waarop die lyding van slagoffers gedenk word.

Voorts word aanbevelings gedoen oor simboliese herstel, soos meganismes vir die uitreik van sterftesertifikate van familielede wat in die konflik gesterf het.

Ook die gebruik van mense se name vir geboue, skole en strate, die uitwis van misdaadrekords en die oprig van monumente word beplan.

Tutu het benadruk dat die goedkeur van die voorstelle by die Regering berus, en dat tot dusver met simpatieke ore na die kommissie geluister is. Hy het gesê geen prys kan ooit op mense se lyding geplaas word nie, en enige bedrag wat toegeken word, sal bloot simbolies wees.

TREFWOORDE

1. Kommissie vir Waarheid
2. Aanstelle
3. Skadevergoeding
4. Slagoffers
5. Skendings
6. Menseregte
7. Verhoudinge
   Ontwikkeling
8. Statistieke
9. 
10. 